AANKONDIGING

Weens die Covid-19 aankondiging word alle eredienste (in die huidige formaat) en grootgroep byeenkomste vir die nabye toekoms gestaak, totdat die regering die verbod op grootgroep-byeenkomste weer opgehef het.

Wapadrant se eredienste op die betrokke dae word REGSTREEKS uitgesaai. Dit sluit die spesiale eredienste op Paasnaweek in.

Die Nagmaal van 29 Maart en 9 April is afgestel, maar die doop word wel op 12 April bedien. Slegs familie woon die geleentheid by.

Huisbesoeke en hospitaalbesoeke word tot die minimum beperk, maar die predikante bly telefonies beskikbaar.

Besoek Wapadrant se webblad vir nuus by: http://www.wapadrant.co.za/wapadrant-en-corona.html

Om buitentoe te gaan
is *nie* afgestel nie,
om na musiek te luister
is *nie* afgestel nie,
tyd saam met jou familie
is *nie* afgestel nie,
om 'n boek te lees
is *nie* afgestel nie;
om uit volle bors te sing
is *nie* afgestel nie;
om uit jou maag te lag
is *nie* afgestel nie;
GELOOF, HOOP, en LIEFDE
is *nie* afgestel nie.
Omhels en *aanvaar* dit wat jy het.

WAPADRANT GEMEENTE, WAAR GOD LEWENS VERANDER

Ons is opgewonde om die volgende oor hierdie gemeente hier bekend te maak:
In hierdie Gemeente streef ons daarna dat elkeen geestelik sal bly groei deur hulle lewe en daarvoor het ons die volgende Visie bepaal –
"ELKEEN SAAM OP GOD SE PAD".
Om hierdie Visie te laat realiseer het ons die volgende **5 geloofsgewoontes** geïdentifiseer en Christus se liefde inspireer ons om dit na te streef:

Hieruit spruit dan ook ons waardes

LIEFDE
vir God en mekaar;
VERHOUDINGS
met God, met mekaar, met die wêreld;
GROEI
in liefde en in hierdie verhoudings;
DIENSBAARHEID
teenoor God, teenoor mekaar, teenoor die wêreld;

BELANGRIKE KONTAKBESONDERHEDE

Vir enige navrae kontak gerus die kerkkantoorpersoneel by:
0129911395 of 0129915623
(Maandag tot Vrydag 08:00 - 15:00)
Die Gemeente se webblad is egter 'n bron van baie inligting en ook ander kontakbesonderhede, gaan kyk gerus by: http://www.wapadrant.co.za
****

NUWE LIDMATE
Besoek die volgende webadres vir inskrywingsvorm http://www.wapadrant.co.za/kontak-ons.html of kry 'n vorm in die bruin kas in die voorportaal.
****

INDIEN JY 'N FINANSIËLE BYDRAE WIL MAAK
Gaan na http://www.wapadrant.co.za/finansielesake.html of gebruik sommer nou SnapScan. Volledige inligting oor SnapScan op kennisgewingbord in die saal.
Elektroniese oorplasing: Absa, Tjeknr 3490151957, takkode 632005. Verwysing: Naam en Van Oorbetalings kan m.b.v. Snapscan inbetaal word.
Snap here to pay
SnapScan
****

UITREIK PROJEKTE
Navrae by die Uitreikkoördineerder:
Anlia du Plessis
0129914907/0824763047/
uitreik@gkwapadrant.co.za

* NPO's en Neem-en-Deel Bybelprojek se inligting by http://www.wapadrant.co.za/uitreik.html

* Engelse Erediens (Rainbow Christian Fellowship). Kontak Hans Lensink by 083 629 8527 hans.lensink@eskom.co.za of Malwande Mdonga by 079 904 3264/malwande@gmail.com
****

CHRISANTE HOSPITAALBEDIENING
Véra Tollig by 082 644 6741 / tollig@woodlandsnet.co.za
Indien jy by hierdie dienswerk betrokke wil raak.
Onthou om asb die Kerkkantoor in kennis te stel indien jy hospitaal toe gaan vir enige operasie of mediese prosedure!!
****

EL-PIDA: Pretoria-Oos Dienssentrum
Vir 'n leefstyl wat by die ouer persoon pas.
info@el-pida.org.net
Judy Bovey 083 325 2102

GEE JOUSELF 2020
Rom 12:1 Gee jouself

GPS

22 MAART 2020

EREDIENS VANDAG

Regstreeks uitgesaai
op *Facebook*

08:30 ✓	**Jaco Kruger**
Teks:	Psalm 90
Tema:	Geloof in die tyd van Corona

PREKE

Tot verdere kennisgewing word **alle preke REGSTREEKS** op Facebook uitgesaai. (Instruksies hier langsaan).

Datum	Dag	Tyd	Predikant
29 Mrt	Sondag	08:30	Peet
5 April	Sondag	08:30	Jaco
9 April	Wit Donderdag	18:30	Rassie
10 April	Goeie Vrydag	08:30	Rassie
12 April	Paas Sondag	08:30	Rassie

- Rassie is met verlof van 23 tot 27 Maart 2020.
- DV 19 April vind 'n inligtingsessie plaas vir die ouers van dooplidmate wat graag Nagmaal wil gebruik. Die ideaal is om dit van aangesig tot aangesig te doen, maar sou Covid-19 ons kortwiek, sal 'n Zoom-sessie plaasvind.

GEBEDSBEDIENING

Lees Luk 10. Moet jy ook soms oor die vingers getik word omdat jou prioriteite nie reg is nie? Gesels hieroor en bid dat die Heilige Gees jou moet help om die regte besluite te neem en te doen. Is jou fokus reg? ~Magda Prinsloo

* WhatsApp gebedsversoek na 0825703025 of epos na bidsaammetmy@gkwapadrant.co.za

ALGEMEEN

- **Moederskamer:** Slegs ma's met babas tot een jaar oud.
- **Konsistorie:** Babas (1 & 2 jaar) en ouers.
- **Bybels:** In die kerkbanke vir die gebruik deur lidmate en besoekers of gee gerus vir iemand wat dit nodig het.
- **"Neem-en-Deel":** Bybelboekrak in die saal. Volledige besonderhede by die rak oor hoe die projek werk.

HOE KYK EK DIE PREEK REGSTREEKS?

Die regstreekse uitsending begin reeds 08:00. Kies **een** van die volgende metodes:

1. Kyk die preek op my **rekenaar:** Klik op hierdie skakel: https://www.facebook.com/pg/Wapadrant-Gemeente-314127775289345/videos/?ref=page_internal
2. **Ek het 'n Facebook rekening en toep is geinstalleer:** Maak Facebook oop en soek na Wapadrant gemeente. Klik op 'Videos'. Die lewendige uitsending sal bo-aan vertoon. Druk daarop.
3. **Ek het NIE 'n Facebook rekening nie**:

* **Android selfone**: Druk op die 'Internet' ikoon. In die soek-blokkie tik 'Wapadrant gemeente facebook videos' en druk op die vergrootglas. Blaai op tot by die videos.

of

* **Apple iPhone/iPad**: Druk op die Safari ikoon. In die soek-blokkie tik 'Wapadrant gemeente facebook videos' en druk op 'Go'.

Wapadrant se Facebook bladsy sal bo-aan vertoon. Druk daarop. Maak die 'Teken in' skerm toe deur op die x te druk. Blaai op tot by die videos.

Kies die lewendige uitsending deur daarop te klik.

Stuur WhatsApp na 0766398454 vir hulp.

LIEFDEGAWES

Gebruik jou liefdegawe om eerder **iemand** wat deur Covid19 geaffekteer is, **te help, kos te koop** ens. Of, indien jy verkies, kan jy 'n EFT doen of gebruik maak van Snapscan. Bankbesonderhede en Snapscan kode verskyn agter op GPS. Gebruik die verwysing 'Liefdegawe'

GEMEENTENUUS

http://www.wapadrant.co.za/diensgroep-en-gemeente-aktiwiteite.html

- **Senior Bybelstudie:** Afgesluit. Hervat voorlopig 14 April . Peet gesels oor 'Die Seisoene in/van die lewe'
- **Vroue Bybelstudie:** Afgesluit.
- **Manne Bybelstudie:** Afgesluit.
- **GKSA Nuusbrokkies** is beskikbaar by http://www.wapadrant.co.za/gksa---brokkies-nuus

LIEF EN LEED

Ons vra voorbidding vir:

- Phillip Jansen wat Donderdag 'n oor operasie by Pretoria-oos hospitaal ondergaan het.
- Francois du Toit wat in Urologie-hospitaal opgeneem was met 'n niersteen.
- Annatjie Keyser wat 'n hartaanval gehad en 'n stent gekry het. Sy sterk tuis aan.

COVID-19 DIAKONIE HULP

Het jy hulp nodig a.g.v. Besmetting en/of kwarentyn? Stuur 'n WhatsApp aan die **Diakonie hulplyn** by 076 639 8454

Nie-bederfbare kos asook hondekos kan by die kerkkantoor afgelaai word vir verspreiding deur die diakonie aan risikogevalle en mense in kwarentyn.

WPR SENIORS
Die diakonie help graag met inkopies of instellings op selfoon om preke regstreeks te kyk. Stuur 'n WhatsApp aan die **Diakonie hulplyn** by 076 639 8454

COVID-19 HOTLINE 0800029999
Indien jy simptome toon, moet asb nie dokter/apteek toe gaan en almal aansteek nie . Skakel die noodlyn.

KLEUTERKERK EN SKOOL JEUGGROEPE

- Kleuterkerk: Afgesluit.
- Laerskool- en Hoërskool jeuggroepe: Afgesluit. Kleuterkerk en kleingroepe hervat voorlopig op 19 April 2020